http://sajlis.journals.ac.za/



# Book Reviews/Boekresensies

## Libraries in Africa: pioneers, policies, problems

Olden, Anthony

Lanham: Scarecrow Press

1995

ISBN 0-8108-3093-0

$37.50

Hardeband, 171p.

Die teks is 'n aangepaste weergawe van die outeur se doktorale proefskrif wat in 1987 deur die University of Illinois aanvaar is. Die ondersoek is beperk tot Afrika-lande met 'n Engelstalige koloniale verlede. In werklikheid word daar veral aandag geskenk aan Nigerië en Kenia en in 'n mindere mate Ghana. Suid-Afrika word (soos die gebruik was wanneer 'n werk oor Afrika handel) feitlik heeltemal buite rekening gelaat. Die titel is sekerlik misleidend.

Die grootste bate van die werk is die inligting wat die outeur in die rekords van organisasies soos Book Aid International, British Council, Carnegie Corporation en Ford Foundation opgespoor het. Byvoorbeeld, die rede waarom Milton J. Ferguson en S.A. Pitt in 1929 elkeen sy eie verslag oor die biblioteektoestande in Suid-Afrika, Rhodesië en Kenia aan die Carnegie Corporation gelewer het, is omdat mevv Ferguson en Pitt die reis meegemaak het en 'the women did not get along' (p.19).

In die voetnote word die inligtingbronne goed gedokumenteer, maar vanweë die verwerking van die proefskrif tot boek verskyn talle van hierdie bronne nie in die bibliografie nie. Die outeur het kennis geneem van wat in 'n skaflike aantal bronne staan. Die neerslag wat dié inligting in die teks vind, is egter nie altyd bevredigend nie. Enersyds wek dit dikwels 'n fragmentariese indruk by hierdie resensent. Andersyds is daar geen skerp fokus nie.

Een onderwerp na die ander (en daarmee saam: een bron na die ander) word aan die orde gestel, sonder dat die outeur duidelik maak waarheen hy op pad is of wat sy eie standpunt daaroor is en waarom. Die volgende stommiteit oor Afrika word kwytgeraak: 'The identification of areas where whites settled permanently is important, because it was in these areas that African educational progress was to be slowest' (p. 2). Vergelyk hiermee die volgende:

> 'A number of participants in the Black South African Teacher-Librarian course, held at Thames Valley University each Spring from 1989 to 1991, maintained that their schools had very good libraries, and they produced photographs to prove it' (p. 127).

Die boek sou wetenskaplik meer gewig gedra het as die outeur hom daarvan weerhou het om wat tans in die mode is onkrities te onderskryf. Die oorheersende indruk wat hy van kolonialisme het, is dié van uitbuiting. Andrew Carnegie se groot bydrae op biblioteekgebied word 'n onreg aangedoen met 'n stelling soos die volgende:

> 'Having amassed a fortune through his own abilities and hard work and through the exploitation of the men who worked in his steel mills, Carnegie concluded it was his duty to give most of it away' (p.23–24).

Uit wat elders in die boek staan, kan afgelei word dat Afrikalande in talle opsigte baie dank aan die koloniste verskuldig is – ook op biblioteekkundige gebied.

Daar kan in Suid-Afrika met vrug kennis geneem word van kwessies wat ter sprake gebring word, soos: (1) die gebruik om met begrotingsgeld voorgeskrewe boeke as biblioteekmateriaal aan te koop pleks daarvan dat alle studente dit self koop; (2) die besetting van biblioteekruimte deur sommige studente wat hulle eie leesstof – en nie biblioteekmateriaal nie – gebruik; en (3) die onbillike verwagting dat die bibliotekaris geletterdheidsonderrig moet aanbied, terwyl die onderwyser klaarblyklik die aangewese persoon daarvoor is.

In die geheel gesien, is hierdie boek selfs minder verdienstelik as *The quiet struggle: libraries and information for Africa* (London: Mansell, 1990, 172p.) deur Paul Sturges en Richard Neill.

J. BEKKER

*Emeritusprofessor, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.*